13 — Fraudulent Use	2779
14 — Resale of Electricity	2779
15 — Contractor's Notices	2779
16 — Inspection and Tests	2780
17 — Defective Work	2781
18 — Liability of Council and Contractor	2781
19 — Service Connections	2781
20 — Sealed Apparatus	2782
21 — Tampering	2782
22 — Liability for Damage to Service Connection	2782
23 — Type of Supply	2782
24 — Way Leaves	2782
25 — Meter cabinets	2783
26 — High-voltage Electrical Installations	2783
27 — Enclosure for Supply Equipment	2784
28 — Lightning Arrestors	2784
29 — Position of Cooking Appliances	2784
30 — Provision of Circuit Breakers	2784
31 — Maintenance of and Fault to Installation	2784
32 — Control Apparatus	2785
33 — Obstructing Employees	2785
34 — Irregular Supply	2785
35 — Owner's and Consumer's Liability	2785

CHAPTER 2.

THE LICENSING OF ELECTRICAL CONTRACTORS.

36 — Contractors to be Licensed	2785
37 — Premises	2785
38 — Tools and Equipment	2786
39 — When Fees are Payable	2786

40	— Venootskapslisensies	2786
41	— Verlore Licensies	2786
42	— Voorlegging van Licensies vir Inspeksie	2787
43	— Veranderings aan Gelisensieerde Persele	2787
44	— Voltooiing van Vorms	2787
45	— Kennisgewing van Aansoek om Licensie	2787
46	— Prosedure by Aansoek	2788
47	— Uitreiking van Licensie of Permit	2788
48	— Geldigheidsduur van Licensie	2788
49	— Algemeen	2789

HOOFSTUK 3.**DIE BEDRADING VAN PERSELE.**

50	— Omvang	2789
51	— Kontaksokke	2789
52	— Verdeelborde	2789
53	— Kontrole Relé's	2789
54	— Elektriese Stowe	2789
55	— Aansluiting van Buitegeboue	2790
56	— Korreksie van Arbeidsfaktor	2790
57	— Begrensde Grootte van Motore	2791
58	— Aansitstroom van Motore	2791
59	— Private Bogrondse Lyne	2791
60	— Bedrading onder en/of oor Gras- of Rietdakke	2791
61	— Aarding by Swembaddens	2791
62	— Sweisapparate	2792
63	— Aardlekkasie Beveiliging	2792
64	— Bedrading en Geleierbuise	2792

HOOFSTUK 4.**ALGEMEEN.**

65	— Plant en Sny van Bome	2792
66	— Kennisgewings	2793
67	— Oortredings en Strawwe	2793

EERSTE BYLAE.**ELEKTRISITEITSTARIEF EN ANDER GELDE BETAAALBAAR.****DEEL A.****ELEKTRISITEITSTARIEF.**

1	— Huishoudelike Skaal	2793
2	— Handel-, Nywerheid- en Algemene Skale I, II en III	2795
3	— Munisipaliteit en Munisipale Departemente	2799

DEEL B.**ALGEMEEN.**

4	— Uitbreidingsheffing buite Geproklameerde Dorpsgebied	2799
5	— Aansluitingsgeld	2799
6	— Heraansluitingsgeld	2800
7	— Gelde vir Ondersoek van Verbruikersfoutie	2800
8	— Gelde vir Spesiale Meterlesing	2800
9	— Geld vir Toets van Elektriese Meters	2801
10	— Gelde vir Ondersoek en Toets van Installasies	2801
11	— Licensietariewe vir Registrasie van Kontrakteurs	2801
12	— Deposito's	2801

40	— Partnership Licenses	2786
41	— Lost Licenses	2786
42	— Production of License for Inspection	2787
43	— Alterations to Licensed Premises	2787
44	— Completion of Forms	2787
45	— Notice of Application for License	2787
46	— Procedure on Application	2788
47	— Issue of License or Permit	2788
48	— Period of Validity of License	2788
49	— General	2789

CHAPTER 3.**THE WIRING OF PREMISES.**

50	— Scope	2789
51	— Socket Outlets	2789
52	— Distribution Boards	2789
53	— Pilot Relays	2789
54	— Electric Stoves	2789
55	— Connection to Outbuildings	2790
56	— Power Factor Correction	2790
57	— Limiting size of Motors	2791
58	— Starting current of Motors	2791
59	— Private overhead Lines	2791
60	— Wiring under and/or above Thatched Roofs	2791
61	— Earthing at Swimming Baths	2791
62	— Welding Plants	2792
63	— Earth Leakage Protection	2792
64	— Wiring and Conduit	2792

CHAPTER 4.**GENERAL.**

65	— Planting and Pruning of Trees	2792
66	— Notices	2793
67	— Offences and Penalties	2793

FIRST SCHEDULE.**ELECTRICITY TARIFF AND OTHER FEES PAYABLE.****SECTION A.****ELECTRICITY TARIFF.**

1	— Domestic Scale	2793
2	— Commercial, Industrial and General Scales I, II and III	2795
3	— Municipality and Municipal Departments	2799

SECTION B.**GENERAL.**

4	— Extension Charges outside Proclaimed Townships	2799
5	— Connection Fees	2799
6	— Reconnection Fees	2800
7	— Fee for Attendance to Consumer's Faults	2800
8	— Fee for Special Reading of Meter	2800
9	— Fee for Testing of Electricity Meters	2801
10	— Fee for Inspecting and Testing of Installation	2801
11	— License Fees for Contractors	2801
12	— Deposits	2801

INLEIDING.

Woordomskrywing.

1. In hierdie verordeninge, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

“aannemer” 'n aannemer soos omskryf in en geregtreer of gelisensieer ingevolge die Wet op Elektrotegniese Draadwerkers en Aannemers, 1939 (Wet 20 van 1939);

“bedreve persoon” enigiemand wat na die mening van die ingenieur voldoende bedreve en gekwalifiseer is om werk in verband met hoëspanning uit te voer, daaroor toesig te hou en dit te inspekteer, met inagneming van sy ondervinding en kennis van elektrotegniese praktyk;

“draadwerk” draadwerk volgens die betekenis wat in die Wet op Elektrotegniese Draadwerkers en Aannemers, 1939 (Wet 20 van 1939), daaraan geheg word;

“dienssekering” of “diensstroombreker” 'n sekering of diensstroombreker wat aan die Raad behoort en deel uitmaak van die elektriese baan van die verbruikersaansluiting;

“eienaar” ook die geregistreerde eienaar van die grond of perseel, of sy gevormagtigde agent, of enigeen wat die huurgeld of winste wat daaruit voortvloeи, ontvang, of wat sodanige huurgeld of winste sou ontvang indien sodanige grond of perseel verhuur was, het sy vir eie rekening of as agent vir enige persoon wat daartoe geregtig is of daarby belang het;

“ekstra hoogspanning” (na verwys as E.H.S.) — 'n spanning normaalweg hoër as 11 000 volt;

“elektriese installasie” enige kabel, geleier, armatuur, apparaat of leipyp in, oor of op enige perseel en wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word vir doelendes voortspruitend uit die levering van elektrisiteit vanaf 'n verbruikersaansluiting na 'n uitlaat- of verbruikerspunt in, op of verbind met sodanige perseel, met uitsondering van —

- (a) enige transmissie- of distribusiestelsel of enige verwante apparaat wat aan die Raad behoort of enige verbruikersaansluiting;
- (b) enige kabel, geleier, armatuur of elektriese toestel wat gevoer word vanuit 'n uitlaatpunt waar die vaste draadwerk van 'n elektriese installasie ophou;
- (c) enige kabel, geleier, armatuur, apparaat of leipyp wat verbind is of bedoel is om verbind te wees met 'n toevoerstelsel waarvan die spanning nie 40 volt oorskry nie;
- (d) enige kabel, geleier, armatuur, apparaat of leipyp wat deel uitmaak van masjinerie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Myne en Bedrywe, 1956;
- (e) enige kabel, geleier, armatuur of leipyp wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word in verband met enige telegraaf- of telefoonapparaat of radiobane;

“goedgekeur” met betrekking tot enige artikel of gebruik, goedgekeur deur die Raad of die ingenieur as geskik en bevredigend ten opsigte van veiligheid, ontwerp, werkverrigting en die toepassingsmetode met inagneming van die erkende beginsels van elektrotegniese praktyk soos vervat in die jongste uitgawe, soos gewysig.

INTRODUCTION.

Definitions.

1. In these by-laws, unless the context indicates otherwise —

“Act” means the Electrical Wiremen and Contractors Act, 1939, as amended;

“approved” in relation to any article or practice, means approved by the Council or the engineer as being suitable and satisfactory in respect of safety, design, performance, and the method of its application, regard being had to the recognised principles of electrical practice as embodied in the latest edition, as amended, of the Standard Regulations for the Wiring of Premises published by the South African Institute of Electrical Engineers or the South African Bureau of Standards or in any relevant Code of Practice prescribed by the Council, and “approval” shall be interpreted accordingly;

“consumer” means any person who has entered into an agreement with the Council for the supply to him of electricity or if such a person does not exist, the owner of the premises;

“consumer's agreement” means an agreement as referred to in section 3;

“contractor” means a contractor defined in and registered or licensed in terms of the Electrical Wiremen and Contractors Act, 1939 (Act 20 of 1939);

“Council” means the Town Council of Verwoerdburg, and includes the management committee of the Council or any officer in the service of the Council acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960;

“electrical installation” means any cable, conductor, fitting, apparatus or conduit in, over or on any premises and used or intended to be used for purposes incidental to the supply of electricity from a service connection to a point of outlet or consumption in, on or connected to such premises but does not include —

- (a) any transmission or distribution system or any associated apparatus belonging to the Council or any service connection;
- (b) any cable, conductor, fitting or electrical appliance which is supplied from a point of outlet at which the fixed wiring of an electrical installation terminates;
- (c) any cable, conductor, fitting, apparatus or conduit connected or intended to be connected to a supply system the voltage of which does not exceed 40 volts;
- (d) any cable, conductor, fitting, apparatus or conduit which constitutes machinery as defined in section 1 of the Mines and Works Act, 1956;
- (e) any cable, conductor, fitting or conduit used or intended to be used in connection with any telegraph or telephone apparatus or radio circuits;

“engineer” means the head of the Council's electricity undertaking or an officer duly authorised by the Council;

van die Standaard regulasies vir die Bedrading van Persele, uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Elektrotegniese Ingenieurs of die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde of in enige toepaslike Gebruikskode deur die Raad voorgeskryf, en "goedkeuring" word dienooreenkomsdig vertolk;

"hooftoevoerleiding" 'n kabel of draad wat dié gedeelte van die Raad se elektriese verdeelstelsel uitmaak waarby verbruikersaansluitings aangesluit kan word;

"hoogspanning" (na verwys as H.S.) — 'n spanning normaalweg hoër as 650 volt, maar nie hoër as 11 000 volt nie;

"hoëspanningsafskorting" 'n kamer, kompartement of ander afskorting waarin 'n transformator, skakeltuig of ander elektriese uitrusting gehuisves is wat werk teen 'n spanning van 650 volt of daarbo;

"ingenieur" die hoof van die Raad se elektrisiteitsonderneming of 'n beampie behoorlik deur die Raad gemagtig;

"inspekteur" enige beampie van die elektrisiteitsdepartement van die Raad wat in die loop van sy pligte verbruikersinstallasies inspekteer;

"laespanningsafskorting" en "afskorting vir 'n spesiale lewering teen lae spanning" 'n kamer, kompartement of ander afskorting waarin 'n transformator, skakeltuig of ander elektriese uitrusting gehuisves is wat werk teen 'n spanning onderkant 650 volt en die uitdrukking "lae spanning" word dienooreenkomsdig vertolk;

"maand" 'n kalendermaand of gedeelte daarvan;

"meterkabinet" 'n afskorting bedoel vir die akkommodasie van 'n meter, stroombreker of ander verwante elektriese uitrusting deur die ingenieur bepaal en ontwerp om teen 'n lae spanning te werk;

"meterafleestydperk" die tydperk wat strek vanaf een aflesing van 'n meter tot die volgende aflesing;

"okkupant" enige persoon wat 'n perseel op enige betrokke tydstip okkypeer;

"perseel" enige grond om enige gebou, montering of struktuur bo- of onderkant die oppervlak van enige grond en sluit enige vliegtuig, voertuig of skip in;

"Raad" die Stadsraad van Verwoerdburg en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampie deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie- en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is;

"spesiale toevoer teen lae spanning" 'n toevoer van elektrisiteit wat meer is as 40 kVA teen 'n lae spanning;

"tarief" die heffing uiteengesit in die Bylae hierby;

"tesourier" die tesourier van die Raad of enige ander behoorlik gemagtigde beampie in sy departement;

"toevoer" 'n toevoer elektrisiteit van die hooftoevoerleiding;

"vaste heffing" beteken enige maandelikse bedrag wat bedoel is om die jaarlikse onkoste ten opsigte van kapitaaluitgawe en die instandhouding van uitrusting wat die Raad by die perseel geïnstalleer het vir die uitsluitlike gebruik van die verbruiker, te dek, en is nie betaalbaar

"extra high voltage" (referred to as e.h.v.) means a voltage normally higher than 11 000 volt;

"fixed charge" shall mean any monthly charge calculated to cover the annual charges in respect of capital expenditure and the maintenance of equipment installed on the premises by the Council for the sole use of the consumer and shall not be payable where the supply is furnished through the normal distribution mains or where the equipment installed on the premises is used to furnish supplies to other premises as well as the premises concerned;

"high voltage" (referred to as h.v.) means a voltage normally higher than 650 volts but not higher than 11 000 volts;

"high-voltage chamber" means a chamber, compartment or other enclosure in which a transformer, switch-gear or other electrical equipment is contained for operating at a voltage of or above 650 volts;

"inspector" means any official of the Council's electricity department, inspecting consumer's installations in the course of his duties;

"low-voltage chamber" means a chamber, compartment or other enclosure in which a transformer, switch-gear or other electrical equipment is contained for operating at a voltage below 650 volts and the expression "low-voltage" shall be interpreted accordingly;

"meter-reading period" means the period extending from one reading of a meter to the next;

"meter cabinet" means an enclosure intended for the accommodation of a meter, circuit breaker or other associated electrical equipment determined by the engineer and designed to operate at low voltage;

"month" a calendar month or part thereof.

"occupier" means any person in occupation of premises at any relevant time;

"owner" means and includes the registered owner of the land or premises, or his authorised agent, or any person receiving the rent or profits issuing therefrom, or who would receive such rents or profits, if such land or premises were let, whether on his own account or as agent for any person entitled thereto or interested therein;

"premises" means any land and any building, erection or structure, above or below the surface of any land and includes any aircraft, vehicle or vessel;

"service connection" means the cable or conductor leading from the supply main to the point of connection of the electrical installation and includes any high voltage or other equipment connected to that cable or conductor, any meter, and any board, panel or other device to which the meter is fixed and all wiring and apparatus associated with the said equipment, meter or other device installed by the Council;

"service fuse" or "service circuit breaker" means a fuse or service circuit breaker belonging to the Council and forming part of the electrical circuit of the service connection;

nie in gevalle waar die toevoer deur die gewone hoof-distribusieleidings gelewer word of waar die uitrusting wat by die perseel geïnstalleer is, gebruik word om toevoer ook aan ander persele benewens die betrokke perseel te lewer;

"verbruiker" enige persoon wat 'n ooreenkoms vir die levering aan hom van elektrisiteit met die Raad aangegaan het of indien daar geen sodanige persoon bestaan nie, die eienaar van die perseel;

"verbruikersooreenkoms" 'n ooreenkoms soos in artikel 3 vermeld;

"verbruikersaansluiting" die kabel of geleier wat van die hooftoevoerleitung na die aansluitingspunt van die elektriese installasie lei en sluit enige hoëspannings- of ander uitrusting in wat met daardie kabel of geleier verbind is, enige meter, en enige bord, paneel of ander toestel waaraan die meter bevestig is en alle draadwerk en apparaat verbondé aan die genoemde uitrusting, meter of ander toestel deur die Raad geïnstalleer;

"voorsiener" 'n voorsiener soos gedefinieer in die Wet op Elektrotegniese Draadwerkers, 1939, soos gewysig; en "Wet" die Wet op Elektrotegniese Draadwerkers en Aannemers, 1939, soos gewysig.

HOOFSTUK I.

ELEKTRISITEITSVOORSIENING.

Aansoek om en Voorwaarde van Toevoer.

2.(1) Aansoek om 'n toevoer moet by die ingenieur en in 'n vorm deur hom goedgekeur, gedoen word.

(2) Die ingenieur is daartoe geregtig om, voordat hy 'n toevoer toestaan, die elektriese installasie waarop 'n aansoek betrekking het te ondersoek ten einde vas te stel dat sodanige installasie veilig en geskik is en aan hierdie verordeninge voldoen.

Verbruikersooreenkoms.

3.(1) Geen toevoer word aan 'n elektriese installasie verskaf nie voordat die eienaar of bewoner van die perseel of 'n persoon wat namens hom optree 'n verbruikersooreenkoms in 'n vorm deur die Raad voorgeskryf, voltooi het..

(2) Die heffing betaalbaar vir die levering moet ooreenkonsistig die tarief wees.

(3) Niemand mag 'n toevoer gebruik tensy 'n verbruikersooreenkoms, soos in subartikel (1) beoog, met die Raad gesluit is nie.

(4) Die Raad is daartoe geregtig om te besluit of hy 'n verbruikersooreenkoms moet aangaan met die eienaar of die bewoner van die perseel of met 'n persoon wat namens hom optree.

(5) Niemand mag, sonder om eers die ingenieur se skriftelike toestemming te verkry, elektrisiteit tydelik of permanent na enige uitlaatpunt of plek lei nie wat nie deel uitmaak nie van die elektriese installasie waarvoor daar ooreengekom is om 'n toevoer te gee of waarvoor 'n toevoer wel gegee is.

(6) 'n Tydelike levering geskied slegs in sodanige spesiale gevalle en vir sodanige tydperk, as wat die ingenieur goedkeur. Alle aansoeke om tydelike levering moet vergesel wees van 'n vrywaring op 'n vorm deur die Raad voorgeskryf, onderteken en van 'n seël voorsien.

"skilled person" means any person who in the opinion of the engineer is sufficiently skilled and qualified to execute, supervise and inspect work pertaining to high voltage regard being had to his experience and knowledge of electrical practice;

"special supply at low voltage" means a supply of electricity exceeding 40 kVA at low voltage;

"supplier" a supplier as defined in the Electrical Wiremen and Contractor's Act, 1939, as amended;

"supply" means a supply of electricity from the supply main;

"supply main" means any cable or wire forming that part of the council's electrical distribution system to which service connections may be connected;

"tariff" means the charge set out in the Schedule hereto;

"treasurer" means the treasurer of the Council or any other duly authorised officer in his department;

"wiring work" shall have the meaning assigned to it in the Electrical Wiremen and Contractor's Act, 1939 (Act 20 of 1939).

CHAPTER 1.

SUPPLY OF ELECTRICITY.

Application for and Conditions of Supply.

2.(1) Application for a supply shall be made to the engineer and on a form as approved by him.

(2) The engineer shall be entitled, before granting a supply, to inspect the electrical installation to which an application relates with a view to establishing that such installation is safe and proper and complies with these by-laws.

Consumer's Agreement.

3.(1) No supply shall be given to an electrical installation, unless and until the owner or occupier of the premises or some person acting on his behalf has completed a consumer's agreement in a form prescribed by the Council.

(2) The charge payable for the supply shall be in accordance with the tariff.

(3) No person shall use a supply unless a consumer's agreement as contemplated in subsection (1) has been concluded with the Council.

(4) The Council shall be entitled to decide whether a consumer's agreement shall be concluded by it with the owner or with the occupier of the premises or some person acting on his behalf.

(5) No person shall, without first having obtained the engineer's permission in writing, lead electricity temporarily or permanently to any point of outlet or place not forming part of the electrical installation for which a supply has been agreed upon or given.

(6) A temporary supply shall only be given in such special cases, and for such period, as the engineer may approve that it be given. All applications for a temporary supply shall be accompanied by an indemnity in a form prescribed by the Council, duly signed and stamped.

Beeindiging van Verbruikersooreenkoms.

4. Behoudens die bepalings van artikels 7(6) en 11, kan enige verbruikersooreenkoms deur die verbruiker, sy gemagtigde verteenwoordiger, of deur die Raad beeindig word deur skriftelike kennis van sewe dae te gee, bereken vanaf die datum van betekening daarvan: Met dien verstande dat indien sodanige kennis die uitwerking het om 'n ooreenkoms op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag op te hef, sodanige beeindiging slegs op die eersvolgende dag wat nie 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie, in werking tree.

Voortsetting van Toevoer aan Nuwe Verbruiker.

5.(1) Die Raad kan, by beeindiging van enige verbruikersooreenkoms, 'n nuwe verbruikersooreenkoms met enige voornemende verbruiker sluit, wat vir die voortetting van die toevoer voorsiening maak.

(2) Die verbruiker wat by die nuwe verbruikersooreenkoms in subartikel (1) genoem, betrokke is, is aanspreeklik vir betaling vir die elektrisiteit verbruik na 'n meteraflesing gedoen op die datum van beeindiging van die vorige ooreenkoms.

Deposito's.

6.(1)(a) Uitgesonderd in die geval van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, die Transvaalse Provinciale Administrasie en die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawensadministrasie of 'n ander klas verbruiker deur die Raad goedgekeur, moet elke aansoeker om 'n toevoer, voordat sodanige toevoer geskied, by die Raad 'n bedrag geld stort op die basis van die koste van die maksimum elektrisiteit wat die aansoeker, na die tesourier se mening, waarskynlik gedurende enige twee agtereenvolgende maande sal verbruik: Met dien verstande dat sodanige bedrag nie kleiner mag wees as wat in die tarief voorgeskryf word nie.

(b) Ondanks die voorgaande bepalings van hierdie artikel, kan die tesourier, in plaas van 'n deposito, 'n waarborg van die aansoeker aanvaar vir 'n bedrag ooreenkomsdig paragraaf (a) bereken, in die vorm deur die Raad voorgeskryf, as sekuriteit vir die betaling van enige bedrag wat die aansoeker verskuldig mag word vir, of ten opsigte van, die elektrisiteitstoevoer: Met dien verstande dat geen sodanige waarborg aanvaar word nie ten-sy die geraamde maandelikse rekening ten opsigte van die lewering aan die betrokke perseel minstens Vyfhonderd rand bedra.

(2) Die tesourier kan te eniger tyd wanneer daar bevind word dat die deposito of waarborg vir die toepassing van subartikel (1) ontoereikend is, van 'n verbruiker vereis dat hy die deposito of waarborg deur hom verskaf verhoog, in welke geval die verbruiker binne dertig dae nadat dit van hom vereis is, by die Raad sodanige bykomende bedrag moet stort of sodanige bykomende waarborg moet verskaf as wat die tesourier vereis, by gebreke waarvan die Raad die toevoer kan staak.

(3) Enige bedrag wat deur of namens 'n verbruiker gestort is word wanneer dit skriftelik opgeëis word, binne dertig dae na die beeindiging van die verbruikersooreenkoms terugbetaal, nadat enige bedrag afgetrek is wat die verbruiker aan die Raad verskuldig mag wees.

(4) Die verbruikersooreenkoms kan 'n bepaling bevat dat enige bedrag deur die verbruiker gestort, waarvoor geen terugbetaling aldus geëis is nie, binne een jaar nadat óf sodanige ooreenkoms beeindig is óf nadat die ver-

Termination of Consumer's Agreement.

4. Subject to the provisions of sections 7(6) and 11, any consumer's agreement may be terminated by the consumer, his authorised representative, or by the Council on giving seven days' notice in writing calculated from the date of service thereof: Provided that if such notice purports to terminate an agreement on a Saturday, Sunday or public holiday, such termination shall only take effect on the next ensuing day which is not a Saturday, Sunday or public holiday.

Continuation of Supply to New Consumer.

5.(1) The Council may, upon the termination of any consumer's agreement, enter into a new consumer's agreement with any prospective consumer providing for the continuation of the supply.

(2) The consumer who is a party to the new consumer's agreement referred to in subsection (1) shall be liable to pay for the electricity consumed after a meter reading taken on the date of termination of the previous agreement.

Deposits.

6.(1)(a) Except in the case of the Government of the Republic of South Africa, the Transvaal Provincial Administration and the South African Railways and Harbours Administration or other class of consumer approved by the Council, every applicant for a supply shall, before such supply is given, deposit with the Council a sum of money on the basis of the cost of the maximum consumption of electricity which the applicant is in the treasurer's opinion likely to use during any two consecutive months: Provided that such sum shall not be less than is prescribed in the tariff.

(b) Notwithstanding the foregoing provisions of this section the treasurer may, in lieu of a deposit, accept from an applicant, a guarantee for an amount calculated in accordance with paragraph (a) and in the form prescribed by the Council, as security for the payment of any amount that may become due by the applicant for, or in respect of, the supply of electricity: Provided that no such guarantee shall be accepted unless the estimated monthly account in respect of the supply to the premises concerned amounts to at least Five hundred rand.

(2) The treasurer may at any time when the deposit or guarantee is found to be inadequate for the purposes of subsection (1), require a consumer to increase the deposit made or guarantee furnished by him, in which event the consumer shall, within thirty days after being so required, deposit with the Council such additional sum or furnish such additional guarantee as the treasurer may require, failing which the Council may discontinue the supply.

(3) Any sum deposited by or on behalf of a consumer shall, on being claimed in writing, be refunded within thirty days after the termination of the consumer's agreement after deducting any amount due by the consumer to the Council.

(4) The consumer's agreement may contain a provision that any sum deposited by the consumer, a refund of which has not been so claimed within one year after

bruiker om enige rede opgehou het om 'n toewer ingevolge sodanige ooreenkomste ontvang, by verstryking van daardie tydperk deur die verbruiker verbeur word tot voordeel van die Raad.

(5) Ondanks die bepalings van subartikel (4), moet die Raad te eniger tyd —

- (a) aan die persoon wat die deposito betaal het wanneer hy die Raad tevrede stel ten opsigte van sy identiteit en die bedrag; of
- (b) aan enige ander persoon wat die Raad tevrede gestel het dat hy daarop geregtig is dat die betaling aan hom gemaak word,
'n bedrag betaal gelykstaande met die verbeurde deposito.

(6) Indien 'n verbruiker by die Raad aansoek doen om 'n toewer van hoër kapasiteit as wat hy ontvang, kan die tesourier vereis dat die verbruiker 'n hoër deposito betaal of 'n groter waarborg ingevolge subartikels (1) en (2) verskaf voordat sodanige toewer toegestaan word.

Rekenings.

7.(1) Die ingenieur moet, ten opsigte van elke skaal van die tarief wat op 'n toewer van toepassing is, sodanige aantal meters verskaf as wat hy nodig ag.

(2) Die tesourier kan, gedurende enige meterafleestydperk, aan die verbruiker 'n voorlopige rekening stuur ten opsigte van 'n gedeelte van sodanige tydperk (welke gedeelte so na as wat prakties moontlik is aan 'n tydperk van dertig dae moet wees en die bedrag van sodanige rekening word vasgestel soos bepaal in subartikel (4)) en moet so gou doenlik na die meteraflesing aan die einde van sodanige tydperk aan die verbruiker 'n rekening stuur gebaseer op die werklike gemete verbruik en aanvraag gedurende daardie tydperk, en aan die verbruiker krediet verleen vir enige bedrag wat deur hom op 'n voorlopige rekening, soos vermeld, betaal is.

(3) 'n Rekening kan gelewer word vir vasgestelde heffings ingevolge die tarief wanneer hulle betaalbaar word.

(4) Die bedrag van 'n voorlopige rekening in subartikel (2) genoem word deur die tesourier bepaal deur verwysing na sodanige vorige verbruik op dieselfde perseel as wat na sy mening as 'n redelike leidraad sou dien vir die hoeveelheid elektrisiteit wat oor die tydperk deur die voorlopige rekening gedeel, verbruik is: Met dien verstande dat waar daar geen sodanige vorige verbruik was nie, die tesourier die bedrag van genoemde rekening moet bepaal deur verwysing na sodanige verbruik op ander soortgelyke persele wat, na sy mening, redelike leiding bied.

(5) 'n Verbruiker se besluit om 'n rekening te betwissel verleen hom nie die reg om betaling langer as die vervaldag wat in die rekening bepaal word, uit te stel nie.

(6) Ingeval die Raad vir twee agtereenvolgende meteraflesings nie toegang tot 'n meter kan verkry nie, kan die Raad onmiddellik die toewer van elektrisiteit ten opsigte van die perseel waarop daardie meter betrekking het, staak.

(7) Wanneer dit blyk dat 'n verbruiker 'n foutiewe rekening vir elektrisiteit ontvang het weens die toepassing van 'n verkeerde tarief of om enige ander rede as die onjuistheid van 'n meter, moet die Raad sodanige navrae doen en toetse uitvoer as wat hy nodig ag en, indien hy daarvan oortuig is dat die verbruiker 'n foutiewe rekening ontvang het, sy rekening dienooreenkom-

either such agreement has been terminated or he has ceased for any reason to receive a supply in terms of such agreement, shall at the expiration of that period become forfeited to the Council.

(5) Notwithstanding the provisions of subsection (4), the Council shall at any time pay —

- (a) to the person who paid the deposit on his satisfying the Council of his identity and the amount; or
- (b) to any other person who has satisfied the Council that he is entitled to have the payment made to him,
an amount equal to the forfeited deposit.

(6) If a consumer applies to the Council for a supply of higher capacity than he is receiving, the treasurer may require the consumer to make an increased deposit or furnish an increased guarantee in terms of subsections (1) and (2) before such supply is given.

Accounts.

7.(1) The engineer shall, in respect of each scale of the tariff governing a supply, provide such number of meters as he deems necessary.

(2) The treasurer may, during any meter-reading period, render to the consumer a provisional account in respect of a part of such period (which part shall as nearly as practically possible be a period of thirty days and the amount of such account shall be determined as provided in subsection (4)) and shall as soon as possible after the meter reading at the end of such period render to the consumer an account based on the actual measured consumption and demand during that period, giving credit to the consumer for any sum paid by him on a provisional account as aforesaid.

(3) An account may be rendered for fixed charges in terms of the tariffs as and when they become due.

(4) The amount of a provisional account referred to in subsection (2) shall be determined by the treasurer by reference to such previous consumption, on the same premises as would in his opinion, constitute a reasonable guide to the quantity of electricity consumed over the period covered by the provisional account: Provided that where there has been no such previous consumption the treasurer shall determine the amount of the said account by reference to such consumption on other similar premises which, in his opinion, affords reasonable guidance.

(5) A consumer's decision to dispute an account shall not entitle him to defer payment beyond the due date stipulated in the account.

(6) In the event of the Council not being able to gain access to a meter for two consecutive meter readings, the Council may forthwith discontinue the supply of electricity in respect of the premises to which that meter relates.

(7) When it appears that a consumer has been wrongly charged for electricity due to the application of a wrong tariff or on any other grounds other than inaccuracy of a meter, the Council shall make such enquiries and tests as it thinks necessary and shall, if satisfied that the consumer has been wrongly charged, adjust his account

stig aansuiwer of, indien hy nie aldus oortuig is nie, die koste aan die Raad, indien die Raad se optrede die gevolg van 'n klage deur die verbruiker is, om sodanige navrae te doen en toetse uit te voer, op hom verhaal: Met dien verstande dat geen sodanige aansuiwering gemaak mag word nie ten opsigte van 'n tydperk langer as twaalf maande voor die datum waarop die verkeerde heffing opgemerk of die Raad deur die verbruiker van sodanige verkeerde heffing in kennis gestel is.

Aflesing van Meters.

8.(1) Die hoeveelheid elektrisiteit wat gedurende enige meterafleestydperk aan enige perseel gelewer word, word genem as die verskil van die aflesing van die meter of meters daarop aan die begin en einde van sodanige tydperk, en waar meterregistrering volgens maksimum aanvraag van toepassing is, maak die aanvraag ook deel van die meteraflesing uit.

(2) Die lesing wat 'n meter toon is *'n prima facie*-bewys van die elektriese energie wat verbruik is en van die maksimum aanvraag gedurende die meterafleestydperk en 'n inskrywing in die Raad se boeke is *'n prima facie*-bewys dat die meter die lesing getoon het wat die inskrywing as sodanig boekstaaf.

Toets van Juistheid van Meter.

9.(1) Indien 'n verbruiker of eienaar rede het om te glo dat 'n meter nie juis regstreer nie, kan hy die ingenieur skriftelik in kennis stel dat hy verlang dat die meter getoets word. Sodanige kennisgewing moet vergesel word deur die heffing wat in die tarief vir die toetsing van meters voorgeskryf is en die ingenieur moet so gou doenlik daarna die meter toets.

(2) Die ingenieur se bevinding met betrekking tot die juistheid van 'n meter nadat die toets in subartikel (1) genoem uitgevoer is, is final en 'n meter word geag juis te regstreer indien daar deur daardie toets bewys word dat dit met 'n gemiddeld van nie meer as vyf persent oor- of onderregstreer nie wanneer dit ooreenkomsdig die gebruikskode van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde vir die toetsing van elektrisiteitsmeters of ooreenkomsdig prosedure deur die ingenieur bepaal, getoets word.

(3) Die heffing ingevolge subartikel (1) betaalbaar moet terugbetaal word indien daar deur die toets bewys word dat die meter onjuis regstreer.

(4) Die ingenieur moet, onmiddellik voordat hy 'n meter vir toetsing verwyder, 'n lesing van daardie meter neem en die lopende meterafleestydperk word ten tyde van sodanige aflesing beëindig.

(5) Indien die Raad, nadat hy 'n meter getoets het, daarvan oortuig is dat dit nie juis regstreer nie, moet hy aan die verbruiker 'n rekeningstaat lewer wat ooreenkomsdig die verbruik aangesuiwer is ten opsigte waarvan daar vasgestel is dat daar met betrekking tot die tydperk van drie maande voor die sluitingsdatum van die lopende meterafleestydperk ingevolge subartikel (4) oor- of onderregstreer is en 'n aangesuiwerde rekening wat aldus gelewer word, moet binne tien dae vanaf die datum daarvan betaal word.

Weiering van Meter om Juis te Regstreer.

10.(1) Wanneer die Raad daarvan oortuig is dat 'n meter opgehou het om juis te regstreer, word die lesing daardeur aangetoon verontgaam en die verbruiker —

accordingly or if not so satisfied, charge him, if the Council's actions are the result of a complaint by the consumer, in addition the cost to itself of making such enquiries and tests: Provided that no such adjustment shall be made in respect of a period in excess of twelve months prior to the date on which the wrong charge was observed or the Council was notified of such wrong charge by the consumer.

Reading of Meters.

8.(1) The amount of electricity supplied to any premises during any meter-reading period shall be taken as the difference of the reading of the meter or meters thereon at the beginning and the end of such period and where maximum demand metering pertains, the demand shall also constitute a part of the meter reading.

(2) The reading shown by a meter shall be *'prima facie'* proof of the electrical energy consumed and of the maximum demand during the meter-reading period and an entry in the Council's books shall be *'prima facie'* proof that the meter showed the reading which the entry purports to record.

Testing Accuracy of Meter.

9.(1) If a consumer or owner has reason to believe that a meter is not registering correctly he may give written notice to the engineer that he requires the meter to be tested, such notice to be accompanied by the fee prescribed in the tariff for the testing of meters, and the engineer shall as soon as possible thereafter subject the meter to test.

(2) The engineer's finding as to the accuracy of a meter after the test referred to in subsection (1) has been carried out, shall be final, and a meter shall be deemed to be registering correctly if it is shown by that test to be over- or under-registering by not more than an average of five per cent when tested in accordance with the code of practice of the South African Bureau of Standards for the testing of electricity meters or in accordance with procedure laid down by the engineer.

(3) The fee payable in terms of subsection (1) shall be refunded if the meter is shown by the test to be registering incorrectly.

(4) The engineer shall, immediately before removing a meter for testing, take a reading of that meter and the time of such reading.

(5) If after testing a meter the Council is satisfied that it is registering correctly it shall render to the consumer a statement of account adjusted in accordance with the consumption ascertained to have been over- or under-registered in respect of the period of three months prior to the date of termination of the current meter-reading period in terms of subsection (4) and an adjusted account so rendered shall be paid within ten days of the date thereof.

Failure of Meter to Register Correctly.

10.(1) When the Council is satisfied that a meter has ceased to register correctly the reading shown thereby shall be disregarded and the consumer —

- (a) word met betrekking tot die lopende meterafleestydperk met dieselfde bedrag gedebiteer as wat hy ten opsigte van die ooreenstemmende tydperk in die vorige jaar betaal het, behoudens aansuiwering wat as gevolg van enige verandering aan die elektriese installasie of die tarief nodig is; of
- (b) word, indien hy nie gedurende die ooreenstemmende tydperk in paragraaf (a) genoem die perseel bewoon het nie, gedebiteer op die grondslag van sy verbruik gedurende die drie maande wat die laaste datum waarop daar bevind is dat die meter juis registreer, voorafgaan; of
- (c) word, indien hy gedurende die hele tydperk in paragraaf (b) genoem nie die perseel bewoon het nie, gedebiteer op die grondslag van sy verbruik gedurende die drie maande wat volg op die datum waarop die meter weer juis registreer.

(2) Indien daar vasgestel kan word dat die meter vir 'n langer tydperk as die meterafleestydperk in subartikel (1) genoem onjuis geregistreer het, kan die verbruiker gedebiteer word met die bedragoorcenkomstig die genoemde subartikel bepaal of vir 'n langer tydperk: Met dien verstande dat geen bedrag aldus gedebiteer mag word nie ten opsigte van 'n tydperk bo twaalf maande voor die datum waarop daar bevind is dat die meter onjuis regstreer.

(3) Ondanks die bepalings van hierdie artikel, aanvaar die Raad slegs aanspreeklikheid vir enige beschadiging van die meter wanneer sodanige skade veroorsaak is deur 'n natuurkatastrofe of deur die Raad of deur 'n gemagtigde beampete of waar dit die gevolg is van gewone slytasie of van daarmee gepaardgaande gebreke in sodanige meter, en vir alle ander skade is die verbruiker aanspreeklik.

Afsluiting van Toevoer.

11.(1) Wanneer enige heffings aan die Raad verskuldig vir of in verband met elektrisiteit gelewer agterstallig is, kan die Raad te eniger tyd die toevoer aan die betrokke elektriese installasie of enige gedeelte daarvan sonder kennisgewing afsluit totdat sodanige heffings, te same met die heraansluitingsgeld in die tarief bepaal, ten volle betaal is.

(2) Wanneer daar bevind word dat toestande by 'n elektriese installasie heers wat na die mening van die ingenieur 'n gevaar of moontlike gevaar vir persoon of eiendom inhoud of wat die toevoer aan enige ander verbruiker belemmer, kan die ingenieur te eniger tyd sonder kennisgewing die toevoer aan daardie installasie of enige gedeelte daarvan afsluit totdat sodanige toestande reggestel of verwijder is.

(3) Die Raad kan sonder kennisgewing die toevoer aan enige elektriese installasie afsluit met die doel om herstelwerk of inspeksies te doen of om toetses uit te voer of vir enige ander doel wat in verband staan met sy hooftoevoerleiding of ander werke.

(4) Die Raad moet, by aansoek deur 'n verbruiker in 'n vorm deur die ingenieur voorgeskryf, die toevoer afsluit en dit heraansluit by betaling van die heffing in die tarief voorgeskryf.

Ongemagtigde Aansluiting.

12. Niemand behalwe 'n werknemer van die Raad wat daar toe gemagtig is, mag enige elektriese installasie by die verbruikersaansluiting of die hooftoevoerleiding aansluit of heraansluit of poog om dit te doen nie.

- (a) shall be charged in respect of the current meter-reading period the same amount as he paid in respect of the corresponding period in the preceding year, subject to adjustment necessitated by any alteration to the electrical installation or the tariff; or
- (b) if he was not in occupation of the premises during the corresponding period referred to in paragraph (a), shall be charged on the basis of his consumption during the three months preceding the last date on which the meter was found to be registering correctly; or
- (c) if he was not in occupation of the premises during the whole of the period referred to in paragraph (b), shall be charged on the basis of his consumption during the three months following the date from which the meter was again registering correctly.

(2) If it can be established that the meter had been registering incorrectly for a longer period than the meter-reading period referred to in subsection (1), the consumer may be charged with the amount determined in accordance with the said subsection or for a longer period: Provided that no amount shall be so charged in respect of a period in excess of twelve months prior to the date on which the meter was found to be registering incorrectly.

(3) Notwithstanding the provisions of this section, the Council shall only accept liability for any damage to the meter where such damage is caused by an act of God, or by the Council or by an authorised official, or where it is the result of ordinary wear and tear or of inherent defects in such meter, all other damage being the liability of the consumer.

Disconnection of Supply.

11.(1) When any charges due to the Council for or in connection with electricity supplied are in arrear, the Council may at any time without notice disconnect the supply to the electrical installation concerned or any part thereof until such charges together with the reconnection fee laid down in the tariff are fully paid.

(2) When conditions are found to exist in an electrical installation which in the opinion of the engineer constitute a danger or potential danger to person or property or interfere with the supply to any other consumer, the engineer may at any time without notice disconnect the supply to that installation or any part thereof until such conditions have been remedied or removed.

(3) The Council may without notice temporarily discontinue the supply to any electrical installation for the purpose of effecting repairs or making inspections or tests or for any other purpose connected with its supply main or other works.

(4) The Council shall, on application by a consumer in a form prescribed by the engineer, disconnect the supply and shall reconnect it on payment of the fee prescribed in the tariff.

Unauthorised Connection.

12. No person other than an employee of the Council authorised thereto shall connect or reconnect or attempt to connect or reconnect any electrical installation with the service connection or the supply main.

Onwettige Gebruik.

13.(1) Niemand mag enige lamp of ander verbruikstoestel aansluit of laat aansluit by enige installasie of gedeelte van 'n installasie nie, indien dit voorsien word van elektrisiteit teen 'n laer tarief as dié wat onder gewone omstandighede deur die Raad vir die levering van elektrisiteit vir sodanige lamp of ander verbruikstoestel gevra sou word ooreenkomsdig die tarief, tensy dit spesifiek skriftelik gemagtig word deur die ingenieur ten einde te voldoen aan spesiale omstandighede wat sodanige goedkeuring billik maak: Met dien verstande dat een of meer lampe tot op 'n totale maksimum belasting van 60 Watt by enige installasie of gedeelte van 'n installasie, soos hierbo genoem, aangesluit kan word vir kliklampe of vir verligtingsdoeleindes binne-in die kooi of hysbak van 'n elektriesgedrewe hyser of ander toerusting wat deur die ingenieur aangewys word as iets wat onder 'n soortgelyke klas val.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (1) mag 'n toevoer waaroor daar in die tarief 'n heffing vasgestel is en, wat deur 'n meter of stel meters gemeet word, vir geen doel gebruik word waaryoor daar 'n hoër heffing vasgestel is nie.

(3) Tensy die Raad skriftelike toestemming daartoe verleen het, mag geen elektrisiteit deur hom gelewer gebruik word nie, tensy dit eers deur die meter wat aan die elektriese installasie gekoppel is, gegaan het.

Herverkoop van Elektrisiteit.

14. Waar 'n persoon elektrisiteit deur die Raad verskaf, weer verkoop —

- (a) moet sodanige elektrisiteit, ten opsigte van elke koper, deur 'n submeter gemeet word wat, asook die installasie daarvan, deur die Raad goedgekeur is;
- (b) is die Raad nie aanspreeklik vir enige onjuistheid of ander gebrek in enige submeter nie, of die Raad sodanige submeter of die installasie daarvan goedgekeur het al dan nie;
- (c) mag die heffing deur sodanige verkoper gevorder nie die tarief oorskry wat betaalbaar sou gewees het indien die koper 'n verbruiker van die Raad was nie; en
- (d) mag die herverkoopvoorwaardes nie minder gunstig vir die koper wees as die voorwaardes waarop die Raad self elektrisiteit lewer nie; en elke sodanige koper is daarop geregtig om te vereis dat die verkoper hom van alle sodanige rekenings, dokumente en ander inligting voorsien wat nodig mag wees om die koper in staat te stel om te bepaal of die elektrisiteitsrekenings deur hom ontvang korrek is.

Aannemerskennisgewings.

15.(1) Enige aannemer moet die ingenieur in 'n vorm soos deur hom voorgeskryf, in kennis stel voordat daar begin word met die bou, verandering, uitbreiding of herstel van enige elektriese installasie en hy is nie daarop geregtig om met die werk te begin voordat die ingenieur hom daartoe gemagtig het nie.

(2) Ongeag enige straf waaraan 'n aannemer hom blootstel deur te versuum om sodanige kennis te gee, kan die ingenieur, wanneer hy van sodanige versuum ten opsigte van enige werk of verandering, uitbreiding of herstelwerk verneem, die levering aan die hele installasie afsluit vir sodanige tydperk as wat hy nodig ag.

Fraudulent Use.

13.(1) No person shall connect or allow to be connected any lamp or other consuming device to any installation or part of an installation supplied with electricity at a lower rate than that which would ordinarily be charged by the Council in terms of the tariff for the supply of electricity to such lamp or other consuming device unless specifically authorised in writing thereto by the engineer to meet special circumstances which render such approval reasonable: Provided that one or more lamps to a total maximum load of 60 Watts may be connected to any installation as aforesaid for pilot lamps or for lighting purposes in the interior of the cage or car of an electrically driven elevator or other equipment designated by the engineer as falling within a similar category.

(2) Subject to the provisions of subsection (1) a supply for which a charge is laid down in the tariff and which is measured by a meter or set of meters shall not be used for any purpose for which a higher charge is laid down.

(3) Unless the Council has granted permission in writing no electricity supplied by it shall be used unless it has first passed through the meter connected to the electrical installation.

Resale of Electricity.

14. Where a person resells electricity supplied by the Council —

- (a) such electricity shall, in respect of each purchaser, be metered through a submeter which, and the installation of which, has been approved by the Council;
- (b) the Council shall not be held liable for any inaccuracy or other defect in any submeter whether or not the Council has approved such submeter or the installation thereof;
- (c) the charge made by such seller shall not exceed the tariff which would have been payable had the purchaser been a consumer of the Council; and
- (d) the conditions of resale shall not be less favourable to the purchaser than the terms on which the Council itself supplies electricity and every such purchaser shall be entitled to require the seller to furnish him with all such accounts, documents and other information as may be necessary to enable the purchaser to ascertain whether the accounts rendered to him for electricity supplied are correct.

Contractor's Notices.

15.(1) Any contractor shall on a form prescribed by the engineer, notify the engineer before work is commenced on the construction, alteration, extension or repair of any electrical installation and shall not be entitled to commence with the work until the engineer has authorised him to do so.

(2) Irrespective of any penalty to which a contractor may be liable for failure to give such notice, the engineer may, on learning of such failure in respect of any work or alteration, extension or repair, discontinue the supply to the whole installation for as long as he deems necessary.

(3) Die ingenieur kan vereis dat 'n aannemer 'n bedradingsdiagram en spesifikasies wat enige voorgestelde bouwerk, verandering, uitbreiding of herstelwerk aan enige elektriese installasie dek vir goedkeuring aan hom voorlê, en waar die ingenieur sodanige diagram en spesifikasies vereis, mag daar nie met die voorgestelde werk 'n aanvang gemaak word nie totdat hulle voorgelê en goedgekeur is.

(4) By voltooiing van die bou, verandering, uitbreiding of herstel van 'n elektriese installasie moet die aannemer die ingenieur daarvan in kennis stel op 'n vorm soos deur die Raad voorgeskryf.

Inspeksie en Toetse.

16.(1) Die ingenieur kan, op enige redelike tydstip of in noodgevalle te eniger tyd, enige perseel betree en enige gedeelte van die verbruikersaansluiting of elektriese installasie daarop vir enige doel inspekteer of toets, met inbegrip van die doel om vas te stel of daar 'n oortreding van hierdie verordeninge begaan is of begaan word, en die eienaar of aannemer moet, wanneer hy daartoe versoen word, enige grond, stene, klip, hout- of ander werk wat enige gedeelte van die elektriese installasie versper of bedek, verwyder.

(2) Voordat enige toets of inspeksie ingevolge hierdie artikel uitgevoer word, moet die eienaar of okkupant van die doel daarvan verwittig word en indien daar vastgestel word dat 'n oortreding van hierdie verordeninge begaan is, is die Raad, ondanks die bepalings van subartikel (3), nie aanspreeklik om herstel- en bywerk ingevolge daarvan te doen nie.

(3) Die Raad moet, uitgesonderd soos in subartikel (2) bepaal, enige versteuring van, skade aan of belemmering van die perseel herstel en bywerk wat deur enige inspeksie of toets ingevolge subartikel (1) uitgevoer, veroorsaak word.

(4) Terwyl enige elektriese installasie gebou, verander, uitgebrei of herstel word, kan die ingenieur enige gedeelte van die werk so dikwels as wat hy nodig ag, inspekteer en toets, en indien enige werk wat die ingenieur verlang om te inspekteer of toets toegedek is, kan die ingenieur eis dat die aannemer of die eienaar daardie werk sonder koste aan die Raad, toeganklik maak om enige lasse of drade bloot te lê, en om enige toebehore, gietstukke, valluiken, vloerplanke, materiale of ander belemmerings hoegenaamd te verwyder en enige werk of herstelwerk wat nodig is, moet insgelyks sonder koste aan die Raad uitgevoer word.

(5) Elke redelike fasilitet om toetse en inspeksies uit te voer moet deur die aannemer, die eienaar en die okkupant van die perseel aan die ingenieur verskaf word en die voornoemde fasilitete sluit in die geval van 'n aannemer die verskaffing van geskikte lere in.

(6) Waar kabels of leipype van elektriese installasies ondergronds gelê word, moet die vore waarin hulle lê oopgeblaas word totdat die werk geïnspekteer en goedgekeur is.

(7) Die aannemer word daarvoor verantwoordelik gehou om met 'n inspekteur 'n bestelling te maak minstens drie werksdae voor die dag waarop hy verlang dat die inspekteur enige werk moet inspekteer, toets of goedkeur.

(8)(a) Nadat 'n bestelling met die inspekteur ingevolge subartikel (7) gemaak is, moet die inspekteur sodanige inspeksie en toets op die bestelde tyd gratis uitvoer.

(3) The engineer may require a contractor to submit the engineer requires such a diagram and specifications covering any proposed construction of, alteration, extension or repair to any electrical installation, and where the engineer requires such a diagram and specifications the proposed work shall not be commenced until they have been submitted and approved.

(4) On completion of the construction, alteration, extension or repair of an electrical installation the contractor shall notify the engineer thereof on a form prescribed by the engineer.

Inspection and Tests.

16.(1) The engineer may, at any reasonable time or in case of emergency at any time, enter any premises and inspect or test any part of the service connection or electrical installation thereon for any purpose including the purpose of ascertaining whether a breach of these by-laws has been or is being committed and the owner or contractor, when called upon to do so, shall remove any earth, bricks, stone, woodwork, or other work obstructing or covering any part of the electrical installation.

(2) Before any test or inspection in terms of this section is carried out the owner or the occupier shall be informed of the purpose thereof and if it is established that a breach of these by-laws has been committed, the Council shall, notwithstanding the provisions of subsection (3), not be liable to restore and make good in terms thereof.

(3) The Council shall, save as is provided in subsection (2), restore and make good any disturbance of, damage to, or interference with, the premises occasioned by any inspection or test made in terms of subsection (1).

(4) While any electrical installation is in the course of construction, alteration, extension or repair the engineer may inspect and test any part of the work as often as he deems necessary, and if any work which the engineer requires to inspect or test has been covered up the engineer may require the contractor or the owner of the premises at no cost to the Council to uncover that work, to expose any joints or wires and to remove any fittings, castings, trapdoors, floor boards, materials or other obstructions whatsoever, and any work or reinstatement rendered necessary shall likewise be carried out at no cost to the Council.

(5) Every reasonable facility to carry out tests and inspections shall be afforded to the engineer by the contractor, the owner and the occupier of the premises and the aforesaid facilities shall in the case of a contractor include the provision of suitable ladders.

(6) Where cables or conduits of an electrical installation are laid underground the trenches containing them shall be left open until the work has been inspected and approved.

(7) The contractor shall be responsible for making an appointment with an inspector at least three working days in advance of that on which he requires the inspector to inspect, test and pass any work.

(8)(a) After an appointment has been made with the engineer in terms of subsection (7), he shall carry out such inspection and test on the appointed time free of charge.

(b) Enige daaropvolgende inspeksie of toetsing van die installasie wat die ingenieur nodig ag, is onderworpe aan betaling van 'n heffing in die tarief bepaal: Met dien verstande dat waar 'n uitbreiding of verandering aangebring word slegs met die doel om die veiligheid van die oorspronklike installasie te verhoog en waar sodanige uitbreiding of verandering nie instryd met hierdie verordeninge is nie, daar geen heffing gemaak moet word vir enige inspeksie of toets wat in verband daarmee nodig is nie.

(9) Geen elektriese installasie wat net klaar gebou, verander, uitgebrei of herstel is, mag aan die toevoer gekoppel word voordat die ingenieur dit goedkeur het nie, en die aannemer wat die betrokke draadwerk uitgevoer het of sy gemagtigde verteenwoordiger moet teenwoordig wees wanneer die werk geïnspekteer word.

Defekte Werk.

17.(1) Indien daar by inspeksie of toetsing bevind word dat enige elektriese installasie wat net klaar gebou, verander, uitgebrei of herstel is, onvolledig of defek is of indien die ingenieur om enige ander rede dit nie goedkeur nie, mag hy nie die installasie by die toevoer aansluit nie voordat sodanige werk as wat die ingenieur as nodig vir die goedkeuring daarvan voorgeskryf het, uitgevoer is.

(2) Geen toestel, apparaat of uitrusting mag deel uitmaak van 'n elektriese installasie voordat dit goedkeur is nie.

Aanspreeklikheid van Raad en Aannemer.

18.(1) Die ondersoek, toets en inspeksie word deur die Raad vir sy eie bevrediging uitgevoer, en dit ont-hef geensins die aannemer van enige aanspreeklikheid vir enige gebrek in 'n installasie nie. Sodanige ondersoek, toets en inspeksie mag onder generlei omstandighede (selfs waar die installasie by die verbruikersleiding aangesluit is) as 'n aanduiding of waarborg beskou word dat die installasiewerk doeltreffend uitgevoer is of dat dit ooreenkomsdig die Raad se verordeninge is nie, en die Raad aanvaar geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir enige gebrek of fout in die installasie nie.

(2) Die aanspreeklikheid van die Raad eindig by die klemme van die verbruiker. Die Raad aanvaar geen aanspreeklikheid ten opsigte van enige draadwerk of ander werk of vir enige verlies of skade veroorsaak deur brand of ander ongelukke wat geheel of gedeeltelik uit die toestand van 'n elektriese installasie voortvloei nie.

Verbruikersaansluitings.

19.(1) Die eienaar van die betrokke perseel moet aansoek doen om die installasie of herinstallasie van 'n verbruikersaansluiting in 'n vorm deur die ingenieur voorgeskryf.

(2) 'n Verbruikersaansluiting word deur die Raad op die eienaar se onkoste geïnstalleer en die koste daarvan, soos deur die Raad bepaal, moet aan die Raad betaal word voordat die aansluiting gemaak word.

(3) Elke gedeelte van die verbruikersaansluiting bly die eiendom van die Raad wat verantwoordelik is vir die normale onderhoud daarvan, uitgesonderd in geval van skade soos beskryf in artikel 22.

(4) Ondanks die feit dat die verbruikersaansluiting in 'n goedgekeurde elektriese installasie reeds voltooi

(b) Any subsequent inspection or test of the installation considered necessary by the engineer shall be subject to payment of a fee prescribed in the tariff: Provided that where an extension or alteration is made solely for the purpose of improving the safety of the original installation and such extension or alteration is not contrary to these by-laws, no charge for any inspection or test necessary in connection therewith shall be made.

(9) No electrical installation which has been newly constructed, altered, extended or repaired shall be connected to the supply until the engineer has approved it, and the contractor who carried out the wiring work in question or his authorised representative shall be present at the time the work is inspected.

Defective Work.

17.(1) If any newly constructed, altered, extended or repaired electrical installation is on inspection or test found to be incomplete or defective or if for any other reason the engineer does not approve thereof, he shall not connect the installation to the supply until such work as the engineer has prescribed as being necessary for the approval thereof has been carried out.

(2) No appliance, apparatus or equipment shall form part of an electrical installation until it has been approved.

Liability of Council and Contractor.

18.(1) The examination, test and inspection is made by the Council for its own satisfaction, and in no way relieves the contractor of responsibility for any defect in an installation. Such examination, test and inspection shall not be taken under any circumstances (even where the installation has been connected to the service mains) as indicating or guaranteeing in any way that the installation work has been carried out efficiently or that it is in accordance with the Council's by-laws, and the Council shall undertake no responsibility or liability for any deficiency or fault of any installation.

(2) The Council's responsibility ceases at the consumer's terminals. The Council shall not be under any liability in respect of any wiring or other work or for any loss or damage caused by fire or other accident arising wholly or partly from the condition of an electrical installation.

Service Connections.

19.(1) The owner of the premises concerned shall make application for the installation or reinstatement of a service connection in a form prescribed by the engineer.

(2) A service connection shall be installed by the Council at the expense of the owner and the cost thereof as determined by the Council shall be paid to the Council before the connection is made.

(3) Every part of the service connection shall remain the property of the Council who shall be responsible for the normal maintenance thereof except in case of damage as set out in section 22.

(4) Notwithstanding that the service connection to an approved electrical installation may already have been

mag wees, kan die Raad na sy oorwoë mening weier om elektrisiteit aan daardie installasie te lewer totdat alle bedrae deur dieselfde verbruiker aan die Raad verskuldig ten opsigte van daardie of enige ander verbruikersaansluiting, op dieselfde perseel al dan nie, betaal is.

(5) Geen eienaar is daarop geregtig om op meer as een verbruikersaansluiting vir 'n toevoer vir enige perseel aanspraak te maak nie, selfs wanneer dit uit meer as een standplaas bestaan. Die ingenieur kan behoudens die voorwaardes wat hy gerade ag om aan die eienaar op te lê, meer as een verbruikersaansluiting aan 'n perseel verskaf, en waar meer as een verbruikersaansluiting aldus verskaf word, is dit onwettig om hulle onderling te verbind.

(6) Die aansoeker om 'n verbruikersaansluiting moet, voordat daar met werk aan sy installasie 'n aanvang gemaak word, die Raad van sodanige vrywaring voorsien as wat hy mag spesifieer.

(7) Die ingenieur kan, ondanks enige vrywaring ingevolge subartikel (6) gegee, weier om 'n verbruikersinstallasie te installeer totdat hy daarvan oortuig is dat niemand daartoe geregtig is om teen sodanige installasie beswaar te maak nie.

Verseëld Apparaat.

20. Waar enige seël of slot deur die Raad op enige meter, dienssikering, diensstroombreker of ander soortgelyke apparaat geplaas is, of dit aan die Raad behoort al dan nie, mag niemand behalwe 'n gemagtigde werknemer van die Raad om enige rede hoegenaamd sodanige seël of slot verwyder, breek, skend of hom andersins daarmee bemoei nie.

Peuterung.

21. Niemand mag op enige wyse of om enige rede hoegenaamd enige verbruikersaansluiting verf, skend, daarmee peuter of hom daarmee bemoei nie en slegs 'n gemagtigde beampie van die Raad kan enige verstel- of herstelwerk daaraan doen.

Aanspreeklikheid vir Skade aan Verbruikersaansluiting.

22.(1) Die eienaar van die perseel of die verbruiker is aanspreeklik om die Raad vir enige skade aan die verbruikersaansluiting of enige gedeelte daarvan of aan enige ander apparaat van die Raad op die perseel, te vergoed, tensy sodanige eienaar of verbruiker kan bewys dat daar nalatigheid aan die kant van die Raad was.

(2) Indien die kabel of enige ander gedeelte van 'n verbruikersaansluiting beskadig word, moet die verbruiker die ingenieur sodra hy daarvan bewus word in kennis stel en die ingenieur of 'n persoon deur hom gemagtig moet die skade herstel.

Soort Toevoer.

23.(1) Die ingenieur kan in enige besondere geval bepaal of die toevoer hoë- of laespanning moet wees en die soort toevoer.

Deurgangsregte.

24.(1) In die geval van die lewering van elektrisiteit aan persele binne die grense genoem, het die Raad die reg om te weier om bo- of ondergrondse dienshoofleidings of 'n deurgang wat nie by die Raad berus nie op enige ander private eiendom as dié wat deel uitmaak van of behoort aan die perseel ten opsigte waarvan die toevoer benodig word, aan te lê of op te rig, tensy en al-

completed the Council may in its absolute discretion refuse to supply electricity to that installation until all sums due to the Council by the same consumer in respect of that or any other service connection, whether or not on the same premises, have been paid.

(5) No owner shall be entitled to require more than one service connection for a supply for any premises even if it comprises or occupies more than one stand. The engineer may, subject to such conditions as he thinks fit to impose upon the owner, provide more than one service connection to a premises and where more than one service connection is so provided it shall be unlawful to interconnect them.

(6) The applicant for a service connection shall, before work on its installation is commenced, furnish the Council with such indemnity as it may specify.

(7) The engineer may, notwithstanding any indemnity given in terms of subsection (6), refuse to install a service connection until he is satisfied that no person is entitled to object to such installation.

Sealed Apparatus.

20. Where any seal or lock has been placed by the Council on any meter, service fuse, service circuit breaker or other similar apparatus, whether or not belonging to the Council, no person other than an authorised employee of the Council shall for any reason whatsoever, remove, break, deface, or otherwise interfere with any such seal or lock.

Tempering.

21. No person shall in any manner or for any reason whatsoever paint, deface, tamper or interfere with any service connection and only an authorised employee of the Council may make any adjustment or repair thereto.

Liability for Damage to Service Connection.

22.(1) The owner of the premises or the consumer shall be liable to make good to the Council any damage that may occur to the service connection or any part thereof or to any other Council apparatus on the premises, unless such owner or consumer can prove negligence on the part of the Council.

(2) If any damage occurs to the cable or any other part of a service connection the consumer shall inform the engineer as soon as he becomes aware of that fact and the engineer or a person authorised by him shall repair the damage.

Type of Supply.

23.(1) The engineer may in any particular case determine whether the supply shall be high or low voltage and the type of such supply.

Way Leaves.

24.(1) In the case of the supply of electricity to premises situated within the boundaries mentioned, the Council shall have the right to refuse to lay or erect service mains above or underground on any thoroughfare not vested in the Council or on any private property other than that forming part of or belonging to the premises for which the supply is required unless and until

vorens die toekomstige verbruiker skriftelike toestemming verkry het van die eienaar van genoemde private eiendom of van die persoon by wie die wetlike eiendomsreg op die grond waarop enige sodanige deurgang bestaan, berus, al na die geval, en dit by die Raad gedeponeer het, waarby magtiging verleent word vir die aanlē of oprigting van die toevoer- en dienshoofleidings daarop en 'n deurgang vir die Raad se beampies en vervoer vir doeleindes van inspeksie, herstelwerk en onderhoud van genoemde hoofleidings.

(2) As sodanige toestemming te eniger tyd ingetrek word of die private eiendom of deurgang van eienaar verander en die nuwe eienaar weier om sodanige toestemming te verleen of daarvan voort te gaan, moet die koste van enige verandering aan die hoofleidings wat nodig is, ten einde met die lewering voort te gaan, en van enige verwydering daarvan wat in die omstandighede nodig word, bestry word deur die eienaar of okkupant van die perseel ten opsigte waarvan die lewering moet voortgaan.

Meterkabinette.

25.(1) Voordat 'n laespanningstoever gegee word, moet die aansoeker of eienaar, indien die ingenieur dit vereis, sonder koste aan die Raad en in 'n posisie deur die ingenieur goedgekeur, 'n kabinet van goedgekeurde ontwerp en konstruksie vir die akkommodasie van die Raad se verbruikersaansluiting verskaf.

Hoëspanning-elektriese Installasies.

26.(1) Al die apparaat wat in verband met 'n hoëspanning-elektriese installasie gebruik word moet van goedgekeurde ontwerp en konstruksie wees.

(2) Voordat daar met enige werk begin word in verband met 'n nuwe hoëspanning-elektriese installasie of die uitbreiding van 'n bestaande hoëspanningsinstallasie, moet 'n terreinplan en 'n tekening aan die ingenieur voorgelê word wat tot voldoening van die ingenieur die besonderhede en aanleg van alle elektriese apparaat wat geïnstalleer gaan word breedvoerig uiteensit, met volledige tegniese inligting aangaande die apparaat, en geen werk soos voornoem mag mee begin word voordat die voorgestelde installasie of uitbreiding goedgekeur is nie.

(3) Niemand behalwe 'n geskoolde persoon mag onderneem om die hoëspanningsapparaat te installeer, te herstel, te verander, uit te brei, te ondersoek of te laat werk of dit aanraak of enigets in verband daarmee doen nie.

(4) Ondanks enige goedkeuring voorheen deur hom verleent, kan die ingenieur op enige redelike tydstip en in noodgevalle te eniger tyd enige hoëspanningsapparaat inspekteer en dit aan sodanige toetse onderwerp as wat hy nodig ag en kan, indien sodanige apparaat defek gevind word, die toevoer aan die perseel afsluit totdat die defek tot bevrediging van die ingenieur reggestel is.

(5) Die eienaar of die verbruiker is verantwoordelik aan die Raad vir die koste om enige van die toetse in subartikel (4) genoem uit te voer indien enige defect in die hoë- of laespanning-elektriese installasie daardoor aan die lig gebring word.

(6) Ondanks enigets in artikel 27 vervat, mag geen hoëspanningsapparaat wat net klaar geïnstalleer, verander of uitgebrei is, aan die toevoer gekoppel word sonder die skriftelike toestemming van die ingenieur nie, welke toestemming nie verleent mag word tensy en totdat daar aan elke vereiste van hierdie artikel voldoen is nie.

the prospective consumer has obtained and deposited with the Council written permission granted by the owner of the said private property or by the person in whom is vested the legal ownership of the land upon which any such thoroughfare exists, as the case may be, authorising the laying or erecting of the supply and service mains thereon and a right of way for the Council's officials and transport for the purpose of inspection, repair and maintenance of the said mains.

(2) Should such permission be withdrawn at any time or should such private property or thoroughfare change ownership and the new owner refuses to grant or continue such permission, the cost of any alteration required to be made to the mains in order that the supply may be continued — and of any removal thereof which may become necessary in the circumstances — shall be borne by the owner or occupier of the premises to which the supply is required to be contained.

Meter Cabinets.

25. Before a low voltage supply is given, the applicant or owner shall, if required to do so by the engineer, at no expense to the Council and in a position approved by the engineer provide a cabinet of approved design and construction for the accommodation of the Council's service connection.

High-voltage Electrical Installations.

26.(1) All the apparatus used in connection with a high voltage electrical installation shall be of approved design and construction.

(2) Before any work is commenced in connection with a new high voltage electrical installation or for the extension of an existing high voltage installation, a site plan and a drawing showing in detail to the engineer's satisfaction the particulars and layout of all electrical apparatus which it is proposed to install together with full technical information concerning the apparatus shall be submitted to the engineer and no work as aforesaid shall be commenced until the proposed installation or extension has been approved.

(3) No person other than a skilled person shall undertake the installation, repair, alteration, extension, examination or operation of or touch or do anything in connection with high voltage apparatus.

(4) Notwithstanding any approval previously given by him the engineer may at any reasonable time and in case of emergency at all times inspect any high voltage apparatus and subject it to such tests as he may deem necessary and may, if such apparatus be found defective, disconnect the supply to the premises until the defect has been rectified to the engineer's satisfaction.

(5) The owner or the consumer shall be liable to the Council for the cost of carrying out any of the tests referred to in subsection (4) if any defect in the high voltage or the low voltage electrical installation is revealed thereby.

(6) Notwithstanding anything contained in section 27 no high voltage apparatus which has been newly installed, altered or extended shall be connected to the supply without the permission in writing of the engineer, which permission shall not be given unless and until every requirement of this section has been complied with.

Afskortings vir Toevoeruitrusting.

27.(1) Waar dit deur die ingenieur vereis word, moet 'n eienaar sonder enige koste aan die Raad 'n goedgekeurde afskorting verskaf en onderhou om die Raad en die verbruiker se toevoeruitrusting te huisves, in 'n posisie deur die ingenieur bepaal.

(2) Niemand mag die afskorting wat die Raad se toevoeruitrusting bevat betree of aan enige apparaat daarbinne raak of hom daarmee bemoei nie, tensy hy deur die ingenieur daartoe gemagtig is.

(3) Elke laespanningsafskorting wat aan 'n hoëspanningsafskorting verbond is en elke afskorting vir 'n spesiale toevoer teen lae spanning moet deur die verbruiker gesluit gehou word en 'n sleutel daarvan moet, indien die ingenieur dit vereis, by hom gelaat word of voorsiening moet gemaak word vir die aanbring van 'n onafhanklike slot deur die ingenieur wat te eniger tyd geregtig is op toegang tot die afskorting.

(4) Die verbruiker of eienaar van 'n perseel moet te alle tye veilige en gerieflike toegang tot 'n laespanningsafskorting of 'n afskorting vir 'n spesiale toevoer teen lae spanning verskaf en onderhou en sodanige afskorting moet te alle tye deur die verbruiker skoon en netjies gehou word tot bevrediging van die ingenieur en mag vir geen ander doel gebruik word as die akkommodasie van uitrusting en apparaat wat met die toevoer in verband staan nie.

(5) Die verbruiker of eienaar van die perseel moet te alle tye veilige en gerieflike toegang tot 'n hoëspanningsafskorting verskaf en onderhou, en sodanige toegang moet direk tot daardie gedeelte van die afskorting wees waar die hoëspanningslewering ingelei word en nie deur die laespanningsafskorting of deur enige deur of hok waarvan die sleutel deur die verbruiker of die eienaar van die perseel beheer word nie.

(6) Die Raad het die reg om enige afskorting vir toevoeruitrusting in verband met 'n toevoer aan verbruikers op ander persele as dié waarop die afskorting geleë is, te gebruik.

Blitsafleiers.

28. Elke elektriese installasie wat aan 'n lughoofstoevoerleiding gekoppel is moet voorsien wees van een of meer goedgekeurde blitsafleiers in posisies deur die ingenieur bepaal.

Posisie van Kooktoestelle.

29. Geen verwarmings- of kooktoestel mag geïnstalleer, geplaas of gebruik word onder enige meter wat aan die Raad behoort nie.

Voorsiening van Stroombrekers.

30. Wanneer die ingenieur dit vereis, moet die eienaar een of meer goedgekeurde toevoerstroombrekers verskaf en installeer op 'n wyse en in 'n posisie deur die ingenieur bepaal.

Onderhoud van en Fout aan Installasie.

31.(1) Enige elektriese installasie op enige perseel wat aan die toevoer gekoppel is moet te alle tye deur die eienaar of verbruiker in goeie orde en in 'n werkende toestand tot bevrediging van die ingenieur gehou word.

(2) In geval van 'n lekkasie, hetsy in die vorm van 'n aardlekkasie of 'n lekkasie tussen geleiers of andersins, wat aan 'n installasie ontstaan, moet die verbruiker onmiddellik die elektrisiteitstoever van die installasie af-

Enclosure for Supply Equipment.

27.(1) Where required by the engineer, an owner shall at no expense to the Council provide and maintain an approved enclosure for accommodating the Council's and consumer's equipment in a position determined by the engineer.

(2) No person shall enter the enclosure accommodating the Council's supply equipment or touch or interfere with any apparatus therein, unless authorized thereto by the engineer.

(3) Every low voltage enclosure associated with a high voltage enclosure and every enclosure for a special supply at low voltage shall be kept by the consumer and a key thereto shall, if required by the engineer, be deposited with him or provision made for the fitting of an independent lock by the engineer who shall be entitled to access to the enclosure at all times.

(4) The consumer or owner of premises shall at all times provide and maintain safe and convenient access to a low voltage enclosure or an enclosure for a special supply at low voltage and such enclosure shall at all times be kept clean and tidy by the consumer to the satisfaction of the engineer and shall be used for no other purpose save the accommodation of equipment and apparatus associated with the supply.

(5) The consumer or owner of the premises shall at all times provide and maintain safe and convenient access to a high voltage enclosure, such access to be direct to that part of the enclosure into which the high voltage supply is led and not through the low voltage enclosure or through any door or gate the lock of which is controlled by the consumer or the owner of the premises.

(6) The Council shall have the right to use any enclosure for supply equipment in connection with a supply to consumers on premises other than those on which that enclosure is situated.

Lightning Arrestors.

28. Every electrical installation connected to an overhead supply main shall be provided with one or more approved lightning arrestors in positions determined by the engineer.

Position of Cooking Appliances.

29. No heating or cooking appliance shall be installed, placed or used below any meter belonging to the Council.

Provision of Circuit Breakers.

30. When required by the engineer, the owner shall supply and install one or more approved supply circuit breakers in a manner and position determined by the engineer.

Maintenance of and Fault to Installation.

31.(1) Any electrical installation on any premises connected with the supply shall at all times be maintained by the owner or consumer in good working order and condition to the satisfaction of the engineer.

(2) A consumer shall immediately on his becoming aware of any leakage of electricity, whether to earth or between conductors in an installation, disconnect the supply of electricity from such installation by opening

skakel deur die hoofskakelaar of hoofskakelaars oop te maak en die ingenieur sonder versuim daarvan in kennis stel. Daarna moet die verbruiker onmiddellik stappe doen om die lekkasie te herstel, in ooreenstemming met hierdie verordeninge en regulasies.

(3) Enige uitgawes wat die Raad aangaan in verband met 'n lekkasie van elektrisiteit weens 'n lekkasie of 'n fout aan 'n installasic, moet deur die betrokke verbruiker betaal word, en geen korting ten opsigte van oormatige verbruik weens 'n lekkasie of ander fout aan die instalasic word toegestaan op 'n rekening wat ooreenkomsdig die meterafdeling gelewer is nie.

Beheerapparaat.

32. Die Raad het die reg om 'n beheerrelêstel aan enige waterverwarmer, ruimteverwarmer van die opgaarsort of aan enige ander apparaat te installeer en om daarna te eniger tyd die genoemde apparaat gedurende tydperke van spanning of spitslas vir sodanige tyd as wat hy nodig ag af te skakel.

Belemmering van Werknemers.

33. Niemand mag opsetlik —

- (a) 'n werknemer van die Raad hinder, belemmer of hom lastig val in die uitvoering van enige plig wat op hierdie verordeninge betrekking het nie; of
- (b) weier om sodanige inligting te verskaf as wat die Raad redelikerwys mag verlang nie; of
- (c) aan die Raad enige inligting verskaf wat na sy wete vals of misleidend is nie.

Ongereëlle Toevoer.

34. Die Raad is nie aanspreeklik vir die gevolge vir die verbruiker of vir enige ander persoon van enige staking, weiering, variasie, stuwing of ander gebrek aan elektrisiteit wat die oorsaak ook al mag wees nie.

Eienaar en Verbruiker se Aanspreeklikheid.

35. Die eienaar en die verbruiker is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir nakoming van enige geldelike verpligting of ander vereiste wat in die alternatief in hierdie verordeninge aan hulle gestel word.

HOOFTUK 2.

LISENSIERING VAN ELEKTRIESE AANNEMERS.

Aannemers moet Gelisensieer wees.

36.(1) Niemand mag as aannemer draadwerk binne die regsgebied van die Raad onderneem nie tensy hy in besit is van 'n lisensie deur die Raad uitgereik waarin die perseel of plek waarop hy geregtig is om die besigheid van aannemer te dryf, aangedui is.

(2) Die Raad kan 'n lisensie aan 'n aannemer wat in 'n ander bepaalde gebied geregistreer of gelisensieer is uitrek indien so 'n aannemer voldoen aan die vereistes van die Wet en die bepalings van hierdie verordeninge.

Persele.

37.(1) Die ingenieur kan aan 'n lisensiehouer 'n verwyderingspermit toestaan om sy besigheid na ander persele te verwyder wat deur die ingenieur goedgekeur en in sodanige permit gespesifieer is. Enige sodanige permit is bykomend tot en nie ter vervanging van enige

the main switch or switches thereon, and shall thereupon notify the engineer of such leakage. Thereafter such consumer shall immediately take steps to remedy such leakage in conformity with these by-laws and regulations.

(3) Any expense to which the Council may be put in connection with a leakage of electricity as a result of a leakage or a fault on an installation shall be paid by the consumer concerned and no rebate shall be allowed on any account rendered in accordance with the meter reading for excessive consumption due to any leakage or other fault on an installation.

Control Apparatus.

32. The Council shall have the right to install a control relay on any water heater, space heater of the storage type or any other apparatus and thereafter at any time to switch off the said apparatus during periods of stress or peak load for such length of time as it may deem necessary.

Obstructing Employees.

33. No person shall wilfully —

- (a) hinder, obstruct or interfere with any employee of the Council in the performance of any duty relating to these by-laws; or
- (b) refuse to give such information as the Council may reasonably require; or
- (c) give to the Council any information which to his knowledge is false or misleading.

Irregular Supply.

34. The Council shall not be liable for the consequences to the consumer or any other person of any stoppage, failure, variation, surge or other deficiency of electricity from whatsoever cause.

Owner's and Consumer's Liability.

35. The owner and consumer shall be pointly and severally liable for compliance with any financial obligation or other requirement imposed upon them in the alternative by these by-laws.

CHAPTER 2.

LICENSING OF ELECTRICAL CONTRACTORS.

Contractors to be Licensed.

36.(1) No person shall undertake wiring work within the Council's area of jurisdiction, unless he is in possession of a license issued by the Council indicating the premises or place where he is entitled to carry on the business of contractor.

(2) The Council may issue a license to a contractor who is registered or licensed in another determined area if such contractor complies with the requirements of the Act and the provisions of these by-laws.

Premises.

37.(1) The engineer may grant any licensee a removal permit to remove his undertaking to other premises approved by the engineer and specified in such permit. Any such permit shall be additional to and not in

dergelike permit wat ingevolge die Raad se verordeninge met betrekking tot lisensies- en besigheidsbeheer vereis word.

(2) 'n Aannemer se besigheidspersele met insluiting van sy werkswinkel moet —

- (a) in 'n afsonderlike gebou weg van sy woning, vervat wees;
- (b) minstens 17 m² groot wees.

Gereedskap en Toerusting.

38. Elke aannemer wat kragtens hierdie verordeninge gelisansieer is moet gedurende die geldigheid van sy lisensie die volgende dinge in goeie werkende orde en toestand hê en versorg:—

- (a) 'n Werksbank wat ten minste van een bankskroef en 'n pypskroef met genoegsame houvermoë voorseen is;
- (b) 'n gereedskapsak wat 'n pypsnyer, volledige stel draadsnytappe en moere met snyblok vir die skroefdraadsny van elektriese pype, ystersaag, blaaslamp, smeltpot vir soldeersel en smeltlepel, soldeerboute, pypruimers, pypsleutels, hamers, beitels, geïsoleerde tange, moersleutels, skroewendraaiers, ratelomslag, bore, draadmaat, skroeftappe en skroefsleutels, lugbelwaterpas, maatstok, meetband, haakhand van buigbare staal en oliekan, bevat;
- (c) 'n megohmmeter en kontinuïteitstoetsapparaat vir die toets van bedradingsinstallasies.

Wanneer Tariewe Betaalbaar is.

39. Die gelde is by aansoek om 'n lisensie of permit betaalbaar en word aan die applikant terugbetaal indien die aansoek geweiwer, teruggetrek of om die een of ander rede nie toegestaan word nie en die applikant die Raad daarvan oortuig dat hy nie te eniger tyd die onderneming ten opsigte waarvan die aansoek gedoen is, uitgevoer het nie.

Vennootskapslisensies.

40.(1) Enige lisensie of permit wat aan 'n vennootskap uitgereik word, moet die volle name van elkeen van die vennote en die besigheidsnaam waaronder die besigheid gedryf word, spesifieer.

(2) Indien enige lid van 'n vennootskap gedurende die jaar waarvoor 'n lisensie aan die vennootskap uitgereik is sou aftree of afsterwe, kan die orige vennoot of vennote by betaling van die voorgeskrewe oordragtarief, die besigheid van 'n elektrotegniese bedradingsaannemer vir die onverstreke tydperk van die lisensie voortsit, onderworpe aan die bepalings van artikel 22 van die Wet.

(3) Enige verandering in die lidmaatskap van 'n vennootskap wat deur die toelating van 'n nuwe vennoot veroorsaak word, noodsak die uitneem van 'n nuwe lisensie.

Verlore Lisensies.

41. Waar enige lisensie wat kragtens hierdie verordeninge uitgereik is verlore of vernietig raak, moet die houer daarvan dadelik om die uitreiking aan hom van 'n duplikaat daarvan aansoek doen, wat aan hom uitgereik word as hy die ingenieur skriftelik daarvan oortuig het dat die lisensie verlore of vernietig is en by betaling van die aangewese tarief soos in hierdie verordeninge voorgeskryf word.

substitution for any similar permit which may be required in terms of the Council's by-laws Relating to Licences and Business Control.

(2) A contractor's business premises, including his workshop shall —

- (a) be contained in a separate building from his dwelling;
- (b) measure not less than 17 m².

Tools and Equipment.

38. Every contractor licensed under these by-laws shall during the currency of his license, have and maintain in good working order and condition, the following: —

- (a) A work bench provided with at least one fitter's vice and a pipe vice of adequate holding capacity;
- (b) a tool kit comprising pipe cutter, complete set of screw-cutting taps and dies with die-stock for screw-cutting electrical conduits, hacksaw, blowlamp, solder melting pot and ladle, soldering-irons, pipe reamers, pipe wrenches, hammers, chisels, insulated pliers, spanners, screw-drivers, ratchet brace drills, screw taps and wrench, wire gauge, spirit level, rule tape measure, flexible steel "fish tape" and oil can;
- (c) a megohm-meter and a continuity tester for testing wiring installations.

When Fees are Payable.

39. The fees shall be payable for a license or permit and shall be refunded to the applicant if the application is refused, withdrawn or for any reason not granted and the applicant satisfies the Council that he has not at any time carried on the undertaking in respect of which the application was made.

Partnership Licenses.

40.(1) Any license or permit issued to a partnership shall specify the full names of each of the partners and the style under which the business is carried on.

(2) If any member of a partnership retires or dies during the year for which a license has been issued to the partnership, the remaining partner or partners may on payment of the prescribed transfer fee carry on the business of an electrical wiring contractor for the unexpired period of the license, subject to the provisions of section 22 of the Act.

(3) Any change in the membership of a partnership occasioned through the admission of a new partner shall necessitate the taking out of a new license.

Lost Licenses.

41. Where any license issued under these by-laws has been lost or destroyed, the holder thereof shall forthwith apply for the issue to him of a duplicate thereof, which shall be issued to him on his satisfying the engineer in writing that the license has been lost or destroyed and on payment of the appropriate fee prescribed in these by-laws.

Voorlegging van Licensie vir Inspeksie.

42. Niemand aan wie 'n licensie uitgereik is, mag versuim om sodanige licensie of 'n duplikaat daarvan wat ingevolge artikel 41 uitgereik is voor te lê nie wanneer hy daar toe op sy besigheidsplek en op 'n redelike tyd deur enige lid van die Polisie of 'n beampete van die Raad wat behoorlik daar toe gemagtig is, versoek word. Vir die toepassing van hierdie artikel word enige Inspekteur van Licensies, wat behoorlik aangestel is, Bou-inspekteur, Gesondheidsinspekteur, Bedradinginspekteur of Inspekteur van Dorpsaanleg as 'n beampete van die Raad wat behoorlik daar toe gemagtig is, beskou.

Veranderings aan Gelisensieerde Persele.

43. Niemand wat 'n licensiehouer is, mag enige struktuurverandering of byvoeging aan die persele wat in sodanige licensie gespesifieer word, maak of laat maak of toelaat dat dit gemaak word nie, tensy en voordat hy die skriftelike goedkeuring van die Raad daar toe verkry het.

Voltooiing van Vorms.

44.(1) Elke applikant om 'n sertifikaat, licensie, permit, goedkeuring of oordrag en iedereen van wie by hierdie verordeninge verlang word dat hy kennis aan die Raad moet gee, moet die voorgeskrewe vorm of vorms soos deur die Raad goedgekeur voltooi en daarop alle sodanige besonderhede verstrek en alle sodanige dokumente al na vereis word vir die behoorlike oorweging van die aansoek, daarby aanheg.

(2) Iedereen wat aanspreeklik is vir die betaling van geld soos in hierdie verordeninge gespesifieer word moet, voor die betaling, van die ingenieur 'n goedgekeurde vorm verkry; dit voltooi en by die ingenieur indien, en daar in, moet al sodanige besonderhede en inligting as wat nodig of wenslik is vir die behoorlike administrasie van hierdie verordeninge, verstrek word.

Kennisgewing van Aansoek om Licensie.

45.(1) Elke applikant om —

- (a) 'n Jaarlikse licensie wat nie 'n hernuwing van 'n licensie is nie;
 - (b) 'n verwyderingspermit;
 - (c) 'n oordrag ingevolge artikel 40;
- moet van die ingenieur 'n vorm van kennisgewing van sy voorneme om aansoek te doen om sodanige licensie, permit of oordrag, al na die geval, verkry.

(2) Die ingenieur moet voor die uitreiking van sodanige vorm aan die applikant, die perseel, gereedskap en uitrusting van die applikant ondersoek en homself kan oortuig van die gesiktheid daarvan vir die toepassing van hierdie verordeninge en indien hy dit goedkeur, moet hy aan die applikant die nodige vorm waarop die uitreikdaatum behoorlik gestempel is, uitreik.

(3) Binne sewe dae ná die uitreiking van die vorm waarna in subartikel (2) verwys word, moet die applikant in die geval van 'n jaarlikse licensie (wat nie die hernuwing van die licensie is nie), 'n kennisgewing ten minste een maal per week gedurende drie agtereenvolgende weke in 'n koerant wat in die tovoergebied in omloop is, laat aankondig van sy voorneme om die besigheid van 'n aannemer in die area te begin.

Production of License for Inspection.

42. No person to whom a license has been issued shall fail to produce such license, or a duplicate thereof issued in terms of section 42 on being thereto required at his place of business at any reasonable time by any member of the Police or duly authorised servant of the Council. For the purpose of this section any duly appointed inspector of licenses, building inspector, health inspector, wiring inspector or town-planning inspector shall be deemed to be a fully authorised servant of the Council.

Alterations to Licensed Premises.

43. No person who is the holder of a license shall make or cause or permit to be made any structural alteration or addition to the premises specified in such license unless and until he has obtained the written approval of the Council thereto.

Completion of Forms.

44.(1) Every applicant for a certificate, license, permit, approval or transfer and every person required by these by-laws to give any notice to the Council shall complete the form or forms prescribed by the Council and shall furnish thereon all such particulars and attach thereto all such documents as may be required for the due consideration of the application.

(2) Every person who is liable to pay any fees specified in these by-laws shall before payment, obtain from the engineer, complete and lodge with, the engineer an approved form and furnish therein all such particulars and information as may be necessary or desirable for the proper administration of these by-laws.

Notice of Application for License.

45.(1) Every applicant for —

- (a) an annual license, not being a renewal of a license;
 - (b) a removal permit;
 - (c) a transfer in terms of section 40;
- shall obtain from the engineer a form of notice of his intention to apply for such license, permit or transfer as the case may be.

(2) Before issuing the form to the applicant the engineer shall inspect the premises, tools and equipment of the applicant and satisfy himself as to their suitability for the purpose of these by-laws and if he approves of them shall issue to the applicant the required form duly stamped with the date of issue.

(3) Within seven days after the issue of the form referred to in subsection (2) the applicant shall in the case of an annual license (not being a renewal of a license) cause a notice to be published at least once a week during three successive weeks in a newspaper circulating in the council of his intention to commence the business of a contractor in the council area.

Procedure by Aansoek.

46.(1) In die geval van 'n jaarlikse lisensie (wat nie die hernuwing van die lisensie is nie) moet die applikant na die laaste aankondiging van die kennisgewing waarna in artikel 45(3) verwys word, 'n vorm van aansoek om 'n lisensie voltooi en dit met bewys van die aankondiging voorlê aan die ingenieur wat die aansoek dan in die lig van die bepalings van artikel 21 van die Wet en hierdie verordeninge moet oorweeg.

(2) In die geval van enige een van die sake waarna in artikel 45(1)(b) en (c) verwys word, moet die applikant 'n voorgeskrewe aansoekvorm voltooi en dit aan die ingenieur wat die aansoek moet oorweeg, voorlê.

Uitreiking van Licensie of Permit.

47.(1) Indien die ingenieur die aansoek wat aan hom ingevolge artikel 46 voorgelê is, goedkeur, moet hy aan die applikant 'n lisensie of permit al na die vereistes van hierdie verordeninge, uitreik.

(2) By die uitreiking van sodanige lisensie moet die ingenieur 'n aantekening in 'n afsonderlike register in sy kantoor laat aanbring waarin die volgende besonderhede aangestip word:—

- (a) Die naam en adres van elke vennoot in die firma of in die geval van 'n korporasie of 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, die naam van die Besturende Direkteur of Hoofbestuurder.
- (b) Die naam en besigheidsnaam waaronder die besigheid gedryf sal word.
- (c) Die adres van die aannemer se besigheidspersonele of werkswinkel.
- (d) Die lisensienommer.
- (e) Die datum van uitreiking en datums van toekomstige jaarlike hernuwing.
- (f) Die datum van kanselliasie of opheffing en die redes daarvoor.

(3) By goedkeuring van enige een van die sake waarna in artikel 45(1)(b) en (c) verwys word, moet die ingenieur die nodige inskrywing van sodanige saak in die register waarna in subartikel (2) verwys word, laat aanbring.

Geldigheidsduur van Licensie.

48.(1) Elke jaarlikse lisensie verval op 31 Desember van die jaar waarvoor dit uitgereik is.

(2) Elke houer van 'n jaarlikse lisensie, wat die besigheid van 'n aannemer wil voortsit, moet jaarliks by die ingenieur nie later nie as 31 Januarie op die voorgeskrewe vorm om die hernuwing van sodanige lisensie aansoek doen.

(3) 'n Applikant om hernuwing van 'n jaarlikse lisensie moet die volgende inligting, behalwe die ander besonderhede wat vereis word, verstrek:—

- (a) Besonderhede van enige verandering wat voorgeval het sedert die uitreiking van die vorige lisensie met betrekking tot die sake waarna in artikel 47(2)(a), (b) en (c) verwys word.
